GEBEDFOKUS

Aan die begin van 2020 is hierdie die gebed wat ons saam bid

"Hemelse Vader U leer ons in Judas 1:20 dat ons ons geloofslewe moet bou op die fondament van die ware geloof wat baie heilig is. U verwag van ons om met die krag van die Heilige Gees te bid. Ons moet onsself binne die beskerming van u liefde hou en ons verwagtings op Jesus Christus stel. U het die mag om ons te beskerm sodat ons nie in ons geloof struikel nie. Dankie Here. Amen."

GEBEDBEDIENING NOOI JOU UIT

Ons gemeente het 'n gebedsbediening bestaande uit lidmate wat **elke Dinsdagmiddag om 16:30 in die konsistorie** bymekaarkom om vir die gemeente se werksaamhede en vir die lidmate te bid. Hierdie is 'n uitnodiging aan jou om saam te kom bid. (Cato Jacobs -0836611124 en Marita Grobler-0796842751).

KLEINGROEPE

Almal wat graag betrokke wil wees by die organisasie van Kleingroepe word gevra om Ria Burrows te bel (028 271 5808 of 082 572 0742). Enige navrae oor kleingroepe kan ook aan haar gerig word.

WAAR KRY EK HULP?

Sukkel jy met depressie en angs?

Vroue Viva Vitaliteit! is 'n anonieme terapeutiese groep om ondersteuning te bied aan vroue in die gemeente en gemeenskap wat met depressie en angs leef. Die groep kom tweeweekliks op Dinsdagmiddae, vakansies ingesluit, vir 1½ tot 2 ure bymekaar. Verskillende temas soos verwerping, lae selfwaarde, woede, luistervaardighede, emosies, negatiewe selfspraak, narratiewe benadering, ens. word bespreek. **Vertroulikheid** is van die allergrootste belang.

Daar bestaan ook so 'n groep vir mans. Hulle vergader ook twee-weekliks. Die eerste byeenkoms is eerskomende Woensdag by dr. Chris se pastorie. Bel hom vir meer inligting (0721987279)

KERKKLOK

KLEINMOND BETTYSBAAI PRINGLEBAAI ROOIELS

26:01:2020

Welkom by die Erediens

08:30	**Kerksaal**	**Ds. Steven Sass**
09:00	**Sentrum**	**Ds. Jannie Hougaard**
09:30	**Kerkgebou**	**Dr. Chris Malan**

Deurkollekte: Boufonds

Eredienste 2 Februarie 2020

08:30	**Kerksaal**
09:00	**Hangklip-Sentrum in Bettysbaai**
09:30	**Kerkgebou**

Deurkollekte: VGK

HERINNERING: KERKRAADSLEDE

Die begrotings moet Dinsdag ingedien word.
Die verslae vir die kerkraadsvergadering van 17 Februarie moet Wioensdag ingegee word.

Kerkkantoor: Nienie 0282713470 Elizna 0282713268ngkkleinmond@gmail.com/
www.ngkkleinmond.co.za
Ds. Steven Sass 072 352 8347
sssteven@hotmail.com
Dr. Chris Malan 072 198 7279

ONS GEE OM…

Waar daar hartseer is

Ons dink veral aan Douglas Veldtmann: KB3 (082 824 0765), Jacques Fouche: PB2 (0282738924), Wessel Coetzee: Sa4 (0834214164), Troula Goosen: BB6 (0833244291) en
Marlene Bouwer van Sb4 (0829504564).

en waar daar vreugde is

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder almal wat regtig vandag verjaar. Ons gee ook hul telefonnommers sodat u hulle kan gelukwens:

Ester Botha (0832851381 - PB2)
Coenie Groenewald (0828342128 - Sc1)
Pierre Groenewald (0731902275 - Sb2)
Gerrit Hyman (0724066322 - Sb4)
Michael Hyman (0723332804 - KB5)
Dimsie Krone (0282718044 - KP) en Annalet Venter (HK3)

DIE WEEK SE PROGRAM

Sondag	18:00 Gebedsgeleentheid in kerk en sentrum
Dinsdag	16:30 Gebedsbediening in konsistorie
Woensdag	09:00 Normaalklas vir Vrouebybelstudie 14:00 Vrouediens-komitee 15:00 Kleinmond se basaarkomitee
Donderdag	16:00 Kooroefening
Vrydag	18:30 Kerkraadsgeselligheid

BYBELSKOOL

Die Bybelskool verval hierdie week as gevolg van die gebedsgeleentheid.

CAPE TOWN CYCLE TOUR: 8 Maart

Lidmate word genooi om saam met Bybelgenootskap se span te ry en geld vir Bybelverspreiding in te samel. E-pos basson@biblesociety.co.za vir meer besonderhede

ONS BEGIN DIE JAAR DEUR TE BID

Sondagaand 26 Januarie is daar om 18:00 ’n gebedsgeleentheid in die kerk (dr. Chris) en die sentrum (ds. Steven).

Ons gemeente (gesamentlik) en ons as gelowiges (individueel) wil graag hier aan die begin van die jaar al ons lewens, ons planne en ons ondernemings aan die Here toewy, ons wil Sy aangesig soek, ons wil Sy wil ken, ons wil Hom vra vir Sy seën oor ons huise, geliefdes en ondernemings.
Ook wil ons gefokusd bid… die Here het aan ons die opdrag gegee om Sy getuies te wees in Jersusalem, Judea, Samaria en die uithoeke van die wêreld… daarom wil ons graag tydens hierdie geleentheid gefokusd, in hierdie konsentriese sirkels bid… ons huise en gemeente, ons dorp en haar onderskeie gemeenskappe, ons land, en dan die uithoeke….

Die leraars gebruik Esegiël 22:30 as fokus.
“Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie…”.

KERSBOOM 2019

Baie dankie aan almal wat bygedra het deur skenkings en hulp tot die sukses van Diens van Barmhartigheid se Kersboom. Dit was wonderlik om te sien hoeveel vreugde dit gee.

EKO-NUUS

- Praatjie oor die belang van ons Ramsar-vleilande in Suid-Afrika. Spreker: Johan Rothman. Woensdag, 29 Jan om 17:00 in Geref Kerk, 13de Laan. Almal welkom!
- Vleiland-skoonmaakdag: Saterdag, 1 Feb van 08:30-10:00. Sakke en handskoene word verskaf. Ook “langarms” vir ouer persone wat nie meer kan buk nie. Ontmoet by preekboom.
- Herwinning van huishoudelike afval gaan beslis voort. Slegs Wo & Do in die Groen Wa by BD-Hub. Asb geen sakke op ander dae nie. Ook slegs herwinbare afval, sien die inligtingsbord op die sleepwa.
- Die Eko-bediening het ’n sterkbewoorde brief aan die burgermeester van die Overstrandse Munisipaliteit gerig omdat hulle tans geen herwinning doen nie.

Kleinmond Gemeente…
gerat vir Sy koninkryk!

Ons almal wil graag betekenisvol leef! Ons almal is op soek na dít wat sin aan ons lewens gee. Die HERE het aan ons gemeente duidelik bekend gemaak wat Sy roeping vir ons is… om Draers van Sy lig; Verskilmakers met deernis, en Ambassadeurs van hoop, te wees!

Maar wanneer ons die *WAT?* vasgestel het, moet ons vra na die *HOE?* Ons wil nie net weet *wat* ons moet doen nie, ons wil ook weet *hoe* ons dit moet doen, en *hoe* ons dit gaan regkry. Sommiges deins terug omdat hulle dink die HERE roep net sekere mense, en ander weer, dink hulle besit nie die talente of vermoë om uitvoering aan die HERE se opdrag/roeping te gee nie.

En dit is presies waaroor GERAT VIR SY KONINKRYK! gaan… in hierdie toerustingsreeks – waaraan ALMAL gaan deelneem! – word Sy roeping vir ons gemeente glashelder verpak, asook ‘n dieper verstaan van die Persoon en werking van die Heilige Gees, en ‘n heerlike ontdekking waar ons elkeen in die ratwerk van Sy koninkryk en die gemeente inpas.

Elke ampsdraer (kerkraadslede en dienswerkers) en ELKE(!) lidmaat word uitgenooi om hierdie geleentheid aan te gryp om te ontdek waar en hoe jy inpas in die ratwerk van Sy koninkryk en gemeente, en om toegerus uitvoering te gee aan Sy roeping.

Die toerustingsreeks bestaan uit 6 geleenthede: 2 geleenthede per tema.

- Tema 1: God se *hart*, karakter, en plan!
- Tema 2: Die Kerk – *Waarom?* en *Waarvoor?*
- Tema 3: Die Bedieningsgawes en Geestelike gawes!

Die aanbieders is ds. Steven Sass, dr. Chris Malan en ds. Theuns Henn.

Elke sessie duur 90 minute - met verversings!

Die sessies word herhaal: Woensdagoggende om 10:00 in Kleinmond, en Woensdagaande om 18:00 in Bettysbaai.

Dagboek die volgende datums: Tema 1: 5 Februarie & 11 Maart

Tema 2: 22 April & 13 Mei, en Tema 3: 8 Julie & 12 Augustus

MOENIE HIERDIE GELEENTHEID MISLOOP NIE!

KURSUS IN NARRATIEWE PASTORAAT.

In samewerking met Helderberg Uitreik en Beradingsentrum bied dr. Chris Malan ‘n jaarkursus aan in die toerusting van Christelike beraders in Narratiewe Terapie. Dit skop Dinsdag 4 Februarie af.

Indien jy belangstel om vir hierdie kursus in te skryf, kan jy gerus met dr. Chris skakel oor die program en praktiese reëlings by 072 1987 279.